



**Nissan bied tans** gereelde opleidingsessies en ervaringsritte aan en werk saam met veldry-entoesiaste deur die Nissan-veldryklub. Die klub het spesiale dryfvere en aanbiedings in 'n veilige, prettige omgewing.

Gereelde byeenkomste, wat veldritte, ope dae en naweke weg insluit, gee lede die kans om saam te kom, ervarings te deel en te leer onder leiding van opgeleide professionele gidse. Vyf ten volle opgeleide gidse gee kundige raad en opleiding volgens 4x4-eenheidstandaarde.

Die klub word bedryf onder die beskerming van die Association of All Wheel Drive Clubs of Southern Africa (AAWDSCSA) en die Off Road Radio Association (Orra).

"Die Nissan-veldryklub het 'n stewige en toegewyde ledestel wat stadig maar seker



groei. Ons wil hê alle Nissan 4x4-eienaars moet opgewonde en welkom voel om by die klub aan te sluit. Die klub moet soos 'n groot familie voel, en daar's altyd iemand wat kan help. Die klub verteenwoordig 'n

groep eendersdenkendes wat van avontuur hou. Dis 'n goed gestruktureerde klub. Die waardevolle ondersteuning wat ons by Nissan Suid-Afrika kry, is natuurlik die kersie op die koek."

"Dit was voor die hand liggend dat Nissan Suid-Afrika by die Nissan-veldryklub betrokke sou raak," sê Sikhumbuzo Mzele en Marinus Venter, produkbestuurders van bemerking by Nissan Suid-Afrika. "Ons weet hoe goed ons 4x4-produkte is en daar is nie 'n beter manier om ons waardering te wys as om die produkte saam met hulle eienaars te geniet nie."

Die klub word volgens goeie omgewingsbeginsels bedryf, bekend as "Tread with Respect" en samel ook gereeld geld in vir FreeMe, 'n diererehabiliteringsentrum naby Johannesburg.

**Nissan-4x4-eienaars wat graag by die klub wil aansluit, kan  
www.nissan-offroad.co.za besoek of Kobus Pienaar by 082 923 5682 bel.**